

## DIEREGESONDHEID

# STAAT SE VETERINÊRE STRATEGIE VERWELKOM

**DIE** Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het 'n nasionale veteriniere strategie bekend gestel met die doel om die gesondheid van Suid-Afrika se diere te verseker sodat genoeg kos vir die nasie geproduseer kan word.

Volgens die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) kan dié strategie 'n groot rol speel om die nasionale kudde te beskerm

en wesenlike uitvoer van rooivleis moontlik te maak.

Die bekendstelling volg nadat die internasionale organisasie vir dieregesondheid, die OIE, Suid-Afrika se veteriniere diens beoordeel het.

Die veteriniere diens speel ook 'n sleutelrol om te verseker dat vleis en ander produkte wat van diere afkomstig is, veilig is.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se veteriniere strategie stel 'n samehangende wetenskaplik gebaseerde en voorkomende veteriniere diens in die vooruitsig.

Dit is gebaseer op die huidige Suid-Afrikaanse regsraamwerk, evaluasieverslae en konsultasie met belanghebbendes ingevolge die dieresiektebestuursplan.

Die strategie is ontwikkel met die missie om die welsyn van diere en mense te verbeter deur stelsels en meganismes daar te stel vir die voorsiening van 'n doeltreffende veteriniere diens. Dié diens moet die vermoë hê om diere- en openbare gesondheidsrisiko's te verhinder, op te spoor, te beperk en uit te wis.

## VOORSORGMATREËLS

## Weet wat om te doen as snotsiekte toeslaan

**VERSKEIE** gevalle van snotsiekte het onlangs in die land voorgekom, veral by Rustenburg en Swartruggens.

Die enigste wesenlike oplossing vir snotsiekte blyk steeds die inenting van diere te wees. 'n Entstof teen snotsiekte kan teen die einde van die jaar in Suid-Afrika geregistreer word.

Volgens dr. Peter Oberem het Afrivet 'n entstof teen snotsiekte uit Skotland in Suid-Afrika getoets. Die geïsoleerde en verswakte snotsiekte-virus wat verlede jaar uit Skotland gebring is om 'n plaaslike entstof te ontwikkel, is geneties naby genoeg aan die plaaslike virus sodat dit vir alle praktiese doeleindes as dieselfde beskou kan word.

'n Verslag oor die uitslag sal waarskynlik voor die einde van die jaar aan die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye oorhandig te word. Dan kan die entstof kragtens die Wet op Misstowwe, Veevoere, Landboumiddels en Veemiddels geregistreer word.

## VOORKOMS

Snotsiekte kom wêreldwyd voor. In Suid-Afrika veroorsaak die virus sekere stamme van 'n gamma-herpesvirus ernstige siekte by beeste.

Gewoonlik word net enkele beeste sporadies aangetas. Die siekte word ook aangetref in waterbuffels, Amerikaanse buffels ("bison") en herte ("deer"). By dié diersoorte kan groot getalle weens snotsiekte vrek. Ook by beeste is die siekte gewoonlik dodelik, maar enkele diere het al herstel.

Die siekte se verspreiding stem ooreen met die verspreiding van die virus se vernaamste draers, naamlik skape en wildebeeste. Die virus veroorsaak nie snotsiekte by dié diere nie.

## VERSPREIDING

In die geval van skape, word lammers van ses tot nege maande besmet deur oordraging van

ander diere in die kudde. Teen tien maande neem die afskeiding van die virus af. Volwasse skape skei baie minder van die virus af as jong diere. Die virus word weens regstreekse kontak met neusafscheidings of deur die lug oorgedra. Die oordrag van skape na beeste is al waargeneem oor 70 meter, maar by bison was daar al gevalle van 5,1 km. In gunstige toestande kan die virus dus ver in die lug beweeg. Ooie skei nie die virus in plasentale weefsels of afscheidings af nie, dus sien mens nie 'n toename van snotsiekte tydens lamtyd nie. Daar is wel 'n mate van seisoensgebondenheid in skaap-geassosieerde snotsiekte, maar dit is meer gekoppel aan gunstige omstandighede vir virus-oorewing.

In die geval van wildebeeste neem die uitbreking van snotsiekte by beeste toe tydens die wildebeeste se kalftyd. Wildebeestkalwers word met geboorte of deur ander diere of deur virus-oordrag in die baarmoeder besmet.

Snotsiekte word slegs van draers na vatbare diere aangesteek. 'n Siek bees sal nie snotsiekte aan ander beeste oordra nie.

## KLINIESE TEKENS

Akute snotsiekte se simptome is eenders – ongeag of die virus van skape of wildebeeste afkomstig is. Die siekte se verloop kan perakuut wees met skielike sterftes, veral onder bison en herte. As die diere 'n paar dae siek is, toon hulle bloederige diarree, bloederige urine en dofheid van die kornea.

Ander tekens sluit in slymerige afscheidings uit die neus, seertjies en etterige afskeiding op slymvliese van die bek, boonste lugwegkanale en oë, asook vergrote limfkliere, mankheid en senu-simptome, soos depressie, bewing, verminderde reaksies, dom voorkoms, aggressie, of stuiptrekkings. In beeste is geswelde limfkliere en ernstige oogletsels meer algemeen. Indien die kornea om die buitekant (senti-

petaal) verdof, is dit 'n sterk aanduiding van snotsiekte. In diere wat langer leef, word velletsels gesien. Ongeveer 95% van aangetaste diere sterf. Diere wat oorleef, haal selde weer hul volle produksievermoë.

## DIAGNOSE

Die diagnose word gebaseer op kliniese tekens, nadoordse letsels en laboratoriumtoets. Die ideale toets is polimerase kettingreaksie (PCR) om die virale DNS te bepaal. Dit kan ook onderskei of die virus van skaap- of wildebees-oorsprong is. Die beste monsters vir toets is bloed in die teenstolmiddel, nierweefsel, dermwand, limfklier en brein.

## BEHANDELING

Daar is geen doeltreffende behandeling nie en ook geen entstof nie. Virusvrye skaapkuddes kan opgebou word deur vroeg te speen en jong vee van ouer vee af te sper. Waardevolle diere moenie nader as 1 km van skaapvoerkrane aangehou word nie. **LBW**

## OMBUDSMAN

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en die SA Wildboerorganisasie het oud-regter Appie Steenkamp as 'n ombudsman vir snotsiekte aangestel. Dit is sodat wildboere en rooivleisprodusente in die geval van snotsiekte-besmetting 'n skikking kan bereik. Die ombudsman kan aanbeveel watter party vir die skade weens snotsiekte verantwoordelik is. Indien die partye nie gelukkig is met die ombudsman se besluit nie, kan hulle die saak verder neem en regstappe doen.